# Lesing 77 - 3 Junie 2022- Die Laatreëns vir Dogter van Sion Bruid

Openbaring 96 ontvang deur Daniel Grobbelaar op 21/03/19

"My kneg, skryf nou vir MY! Gaan en dra MY Woord oor aan **hulle wie MY LIEFDE vertrap**!

Julle loop rond soos brullende leeus en julle dink julle kan maak en breek soos julle wil. Julle hanteer My skape soos julle goeddink volgens julle hartelose dwaasheid! Julle verdruk die armes en hanteer 'n lewe soos 'n nikswerd stuk yster. Wee julle! Wee, wee, wee **julle wat in MY Naam spreek** en sê dat julle handel in MY Naam terwyl dit NIE so is NIE! (ek het 'n groot Toorn vanuit VADER begin aanvoel net na hierdie Woorde van JAHWEH)

Laat EK julle nou sê: EK EN ALLEEN NET EK IS JULLE VADER EN JULLE LEIER! NET EK, EK IS WAT EK IS! EK SAL JULLE BESOEK OP 'N DAG EN WAARMEE SAL EK JULLE BESIG VIND? Julle spreek die seën uit en vanuit dieselfde mond vloek julle julle volksgenote en gaan om met leuenwoorde! Vanuit dieselfde fontein vloei daar vars Waters en terselfdertyd ook vuil brakwater! Hoe dan nou MY kinders? Wat is julle besig om te doen? Laat EK julle vertel! Julle is besig om MY te tart en om MY in MY Aangesig uit te daag! Hoor wat EK vir julle sê, julle wat dink julle kan regeer oor julle geliefdes soos julle wil en julle wat dink julle het mag en krag: EK SAL ALLES VAN JULLE AF WEGNEEM! Julle sal alles ontneem word behalwe julle eie vrye wil en tallose waarskuwings vanaf MY!

NIE LANGER SAL EK TOELAAT DAT EK, LIEFDE, IN DIE GESIG GESPUUG WORD NIE! EK SAL HANDEL VOLGENS MY GEREGTIGHEID! Die Woord sal julle oordeel en aan julle wie hierdie Oordeel nou gekom het, skeur julle vuil klere en gooi as oor julle hoofde omdat die verstand en hoogmoed in julle hoofde julle afvallig gemaak en laat struikel het!

MY Beloftes is Ewig betroubaar en geldig NET vir julle wat MY VOORWAARDES BEWAAR EN ONDERHOU VANUIT JULLE HARTE VAN LIEFDE! EK IS!"

Openbaring 97 - Ontvang vanaf JAHSHUA op 22/03/19

"Drie keer moet jy MY Waarskuwing uitstuur MY kind! DRIE KEER en indien hulle nie luister na MY finale Vermaninge nie, sal hulle deur MY Wil en volgens MY GEREGTIGHEID en Verterende Vuur mee gehandel word.

Baie siele word tot struikeling gebring en baie word nou mislei **binne MY Dogter van Sion**! Julle moes MY BO ALLES GEKIES HET, maar **julle het agter die leuentong aangeloop en saam die kring van verraaiers wil julle met haat en liefdeloosheid optree teen MY Dogter!** Julle faal MY TYD VAN TOETSING!

JUDAS O JUDAS wanneer sal jy leer!? Jy sal MY altyd verraai en MY EIENDOM vervolg en vir dertig sikkels silver sal jy MY Seëninge en Beloftes vertrap!

Wees nou baie versigting wat elkeen van julle doen MY kinders, EK SAL NIE MEE GESPOT WORD NIE EN EK SAL NIE LIGTELIK OPGENEEM WORD NIE!

MY Dogter, EK SELF sal jou herstel soos EK jou getaak het! EK IS LIEFDE!"

Openbaring 98 ontvang op 23/03/19

“MY kneg, kneg van MY LIEFDE, skrywe neer ELKE Woord vanuit MY Vaderhart. Hierdie is die laaste Woord vanaf MY wat EK deur jou sal gee aan MY Dogter van Sion totdat EK jou weer sal opwek volgens MY Gewyde Wil vir MY Dogter aan die Suide.”

(My hart is so seer VADER!! My hart ween en huil O JAHSHUA!!!)

“MY kind, laat die trane oor jou wange rol en laat los die fonteine van seer en barmhartigheid. Maak skoon jou hart van seer en laat EK jou hart genees. Jy huil nou baie MY kind, maar EK IS DIE VERTROOSTING! Hoor MY LIEFDE, proe Haar, voel Haar, SIEN HAAR, MY kind!”

“Wees meester oor jou Aarde MY kind, deur om MY toe te laat om die Storms te bedaar en laat die Oorlog in jou hart tot stilte kom deur te fokus op MY. Jou werk is nou gedoen MY Kneg, eer MY daarvoor. EK handel volgens MY Volmaaktheid en EK sal altyd by MY Dogter wees MY kind. Wees nie bevrees nie, EK IS ALTYD BY ELKEEN VAN JULLE! EK GAAN NÊRENS! EK IS JULLE LIEFDE EN VERLOSSING! Jy sukkel om te skryf MY kneg, fokus nou en vee die trane af, want EK bring jou GENESING nou. EK IS GETROU en EK bring jou nou tot in MY HEMELE, tot binne-in MY VADERHART!”

(Ek, Daniel, het baie gehuil en soveel trane gestort tydens hierdie Woorde van ons VADER. Ek het nog nooit so gehuil nie, ek het nog nooit so vol vrees gevoel vir Dogter van Sion nie! Ek het gehuil vir Haar! Ek huil JAHSHUA!)

(word môre vervolg)